HUIS EUREKA

SUPERINTENDENT:
Jurgens Schreuder
082 466 1846

SENIORHUISHOUDELIKE TOESIGHOUER:
Malie Louw
082 868 5086

E-pos: jurgens.schreuder@hshopefield.co.za
Adres: h/v Mark- en Stasiestrate, Hopefield

OMGEE / GIVE / LIEFDE / SISTERS

2024

HUIS EUREKA KOSHUISBELEID

1. **OPNAME VAN KOSHUISGANGERS**

1.1 Geen koshuisgangers sal opgeneem word sonder dat die toelatingsvorm voltooi en onderteken is nie;

1.2 **Slegs koshuisgangers wat die vorige jaar se losiesgelde ten volle betaal het, sal in die koshuis opgeneem word;**

1.3 Koshuisgangers word volgens die Superintendent en Senior Huishoudelike Toesighouer se goeddunke in slaapkamers geplaas;

1.4 **Losiesgelde is maandeliks streng vooruitbetaalbaar en word by die skool per kaart of in die koshuisbankrekening betaal. Behoeftige ouers/voogde kan aansoek doen om staatshulp by die Departement van Onderwys. Sien asseblief die betalingskedule op ons webblad.**

2. **HANDHAWING VAN ORDE, DISSIPLINE EN GEDRAG**

2.1 Hiervoor is die Superintendent verantwoordelik. Hy maak gebruik van die personeel wat in die koshuis diens doen en die koshuisprefekte. Laasgenoemde bestaan uit ‘n hoofdogter en portefeulje-prefekte;

2.2 Die Superintendent sorg vir die vasstelling of verandering van spesifieke tye na die beste oordeel en die vereistes van omstandighede vir koshuisgangers om te ontspan, slaap, godsdiensbeoefening, verlof aan te vra vir afwesigheid van gronde, ens.

2.3 Daar sal sover moontlik gepoog word om die persoonlikheid en karakter van elke koshuisganger positief te ontwikkel deur die aanmoediging van eerlikheid, openhartigheid, lojaliteit, vriendelikheid, hoflikheid, arbeidsaamheid en ander Christelike deugde;

2.4 Die Superintendent sal steeds in die uitvoering van sy pligte rekening hou met die belange van Hoërskool Hopefield en daarom in noue verband met die Skoolhoof saamwerk.

3. **KLERE EN BENODIGDHEDE (sien agter vir Benodigdhede)**

3.1 Daar sal toegesien word dat kosgangers op hul persoon asook in hulle kamers en ander lokale netjies is en dat hulle algemene voorkoms volgens die skool se reëls is;

3.2 Kleredrag moet ten alle tye netjies wees;

3.3 Vermy asseblief die aankoop van skoene wat nie aan uniformvereistes voldoen nie;

3.4 Koshuisgangers moet hul eie beddegoed voorsien. Die meeste leerlinge gebruik ‘n paslaken en duvet-stel. Kussings en kussingslope moet ook self voorsien word. Geen slaapsakke nie asseblief. Beddegoed moet elke tweede naweek huis toe geneem word om gewas te word;

3.5 Alle kledingstukke en beddegoed moet **duidelik** gemerk wees. Indien van naamstrokies gebruik gemaak word, moet dit baie stewig vasgewerk word;

3.6 Geen klere mag op die beddens of agter die deure bly lê nie. Alle skoene, ens. moet onder die beddens verwyder wees. Na ‘n naweek of vakansie moet die tasse netjies weggepak word;

3.7 **Leerders is self verantwoordelik vir hul wasgoed.**

4. **ROOK, VAPE, ALKOLHOL EN LEESSTOF**

4.1 Rook of Vape is vir koshuisgangers ten alle tye en plekke STRENG VERBODE. Geen vapes, elektroniese rookapparate, vuurhoutjies of aanstekers mag in leerlinge se besit wees nie;

4.2 Geen koshuisleerling mag dwelmmiddels, alkoholiese drank, leë drankbottels, stompies, pille of aanstootlike leesstof (plakkate en prente) in haar besit of teen ‘n muur hê nie.

Hierdie situasie kan lei tot uitsetting.

5. **SIEKTE**

5.1 Koshuisgangers moet, as hulle ongesteld is, dit aan die Superintendent, Senior Huishoudelike Toesighouer of onderwyseres aan diens aanmeld. Die toesighouers sal dan self besluit of dit nodig is om ‘n dokter te ontbied of om ander maatreëls wat nodig mag wees toe te pas. Ouers/voogde sal in kennis gestel word indien nodig;

5.2 Ouers/voogde sal aanspreeklik wees vir enige doktersrekening en koste van voorgeskrewe medisyne wat aangegaan is in belang van hul kind(ers) indien dit nodig wou wees;

5.3 Indien ‘n dogter ‘n besering opdoen, moet die Superintendent dadelik in kennis gestel word;

5.4 Indien ‘n dogter tydens skoolure ongesteld raak, moet sy die Superintendent verwittig, uitteken by die skoolsekretaresse en by die Senior Huishoudelike Toesighouer by die koshuis gaan aanmeld.

5.5 Indien ‘n dogter ongesteld raak en nie skool toe kan gaan nie, moet aanmelding plaasvind voor ontbyt;

5.6 ‘n Leerder mag nie langer as ‘n dag by die koshuis lê nie.

6. **BESOEKERS: OUERS/VOOGDE OF VRIENDE**

6.1 Besoekers en pakkies mag NIE gedurende studietye ontvang word nie;

6.2 Geen besoekers word in die gange / kamers toegelaat nie – die sitkamer is beskikbaar.

7. **SELFONE**

7.1 Selfone word slegs toegelaat indien die volgende nagekom word:

- Die selfoonnommer aan die Superintendent verskaf is;
- Die koshuis gevrywaar word teen diefstal;
- Selfone word saans om 21:20 ingeneem vir veilige bewaring en weer soggens om 06:10 uitgedeel;
- By die misbruik van 'n selfoon, verbeur die koshuisganger haar voorreg om haar selfoon in die koshuis te hê en word dit vir 30 skooldae afgeneem.

7.2 Koshuisgangers mag nie tydens studietye telefoonoproepe maak of ontvang of op sosiale media wees nie;

7.3 Na ligte-uit saans mag ook geen oproepe ontvang of gemaak word nie;

7.4 In die geval van **WERKLIKE NOOD**, kan u die Superintendent se nommer skakel indien u nie u kind in die hande kan kry nie. (082 466 1846 of 082 920 0064)

8. **ETES**

8.1 Etes moet teen 18:00 Donderdagaand bespreek word vir die volgende week (Googlevorm). Enige veranderings word slegs deur die Superintendent aan die kombuis gekommunikeer;

8.2 Koshuisgangers moet alle etes bywoon en iets eet. Wanneer 'n koshuisganger om godsdienstige- of gesondheidsredes 'n ete oorslaan of vas, moet die Superintendent vooraf skriftelik in kennis gestel word;

8.3 Koshuisgangers mag nie kaalvoet, met pantoffels of met nagklere in die eetsaal kom nie;

8.4 Alle disse vind nie altyd byval by alle mense nie en dit is logies dat u dogter(s) miskien van sekere disse minder of meer sal hou. Ongelukkig kan ons nie altyd almal se smaak bevredig nie. Ons probeer wel, met die fondse tot ons beskikking, om elke dag drie voedsame maaltye aan die koshuisgangers voor te sit;

8.5 Indien 'n leerling vroeg of laat wil eet, a.g.v sport of 'n ander skoolaangeleentheid, moet 'n reeling betyds met die Superintendent getref word. Kospakkies moet die vorige dag reeds deur die betrokke onderwyser of afrigter met die Superintendent gereël word;

8.6 Goeie tafelmaniere is 'n moet by koshuisgangers. Elke tafel het 'n tafelhoof wat moet sorg vir orde aan haar tafel.

9. **NAWEEKPROSEDURE**

9.1 Leerlinge wat sportnaweke inbly, moet teen Woensdagmiddag reeds hul name by die Superintendent opgee;

9.2 Leerlinge wat oor 'n naweek by iemand gaan kuier, moet verlof hê van haar ouers/voogde en die persone na wie sy gaan. Die betrokke persone moet asseblief teen Woensdag voor 20:00 'n WhatsApp boodskap aan die Superintendent stuur om te bevestig. Geen koshuisganger sal toegelaat word om die koshuisterrein te verlaat sonder die nodige toestemming nie;

9.3 **Ouers/voogde word vriendelik versoek om die Superintendent te laat weet indien u dogter nie na 'n naweek of skoolvakansie die Maandag by die koshuis sal wees nie, a.g.v bv. siekte;**

9.4 Alle dogters moet elektronies inteken sodra hulle by die koshuis kom na 'n naweek of vakansie; Hulle teken ook elektronies uit vir naweke en vakansies;

9.5 Indien 'n leerling die naweek tuis of by vriende gekuier het, moet sy Sondagaand voor 20:00 of Maandagoggend voor skool terug wees by die koshuis. Geen koshuisganger mag laat kom vir skool nie. Sondae sal GEEN TOEGANG tot die koshuis voor 18:00 toegelaat word nie. Wanneer leerders aangemeld het, mag hulle nie die koshuis verlaat sonder die toestemming van die personeel aan diens nie;

9.6 Koshuisgangers sowel as hul ouers/voogde se aandag word daarop gevestig dat indien 'n leerder 'n naweek tuis is of by vriende, sy nogtans haar skoolverpligtinge t.o.v tuiswerk en sport MOET nakom;

9.7 Koshuisgangers wat Vrydae inbly, word toegelaat om Vrydagmiddag 15:00 tot 17:00 die koshuis-terrein te verlaat. Hulle moet elektronies in- en uitteken. Slegs leerders wat Saterdag aan 'n skoolaktiwiteit deelneem mag die betrokke Vrydag inbly;

9.8 Naweke: Verlaat koshuis Vrydae binne 'n halfuur nadat die skool uitgekom het. Koshuis is weer oop Sondae 18:00;

9.9 Aan die einde van 'n kwartaal moet die dogters ook op die laaste 30 minute na die sluiting van die skool afgehaal word by die koshuis.

10. **STUDIE**

10.1 Die Superintendent is verantwoordelik vir die daarstelling van behoorlike geriewe, ure, toesig, en waar nodig, voorligting vir koshuisgangers om te studeer. Die belangrikheid van effektiewe studie kan nie genoeg beklemtoon word nie. Daar sal beslis teen dogters wat 'n steurnis vir ander is, opgetree word;

10.2 Van koshuisgangers word verwag om i.v.m hulle studies en ander probleme gebruik te maak van raad, voorligting of hulp van die Superintendent, onderwyser of ander diensdoenende personeellede;

10.3 Alle leerders studeer in die studiesaal onder toesig. Leerders wat akademies presteer, asook senior leerders word toegelaat om in hul kamers te studeer, onderhewig aan die oordeel van die Superintendent;

10.4 Graad 8-12 leerders wat na ligte uit nog wil studeer, mag in die studiesaal leer, nie in hul kamers nie – met toestemming van personeel aan diens. Hulle moet egter 'n uur ekstra in die middag studeer voordat hulle so 'n versoek kan rig;

10.5 Gedurende eksamentye word 1 uur ekstra in die middag gestudeer – ons begin reeds 'n week voor eksamen met middagstudie;

10.6 Koshuisgangers mag slegs in uitsonderlike gevalle selfone in die studiesaal hê. Indien huiswerk vereis dat 'n selfoon gebruik word, moet die leerder dit aanmeld en vorentoe skuif vir beter toesig.

11. **SAKGELD**

11.1 Ouers/voogde word gewaarsku om nie te veel sakgeld vir hul kinders te gee nie. ‘n Spaarbankrekening met ‘n kitskaart is meer wenslik. Groot bedrae geld kan by die Superintendent ingehandig word vir bewaring. Die koshuispersoneel **aanvaar geen verantwoordelikheid** vir die wegraak van geld uit kamers, kaste of tasse nie. Gelde kan by die Senior Huishoudelike Toesighouer of die Superintendent inbetaal word.

11.2 Die koshuis het sy eie snoepie. Die wins van die snoepie word teruggeploeg in die koshuis, bv. ontspanningsgeriewe en ander benodigdhede. Ouers/voogde betaal elektronies in, en die dogters gebruik daardie krediete tot hul beskikking;

11.3 Daar is ‘n yskas in die groot sitkamer waarin dogters koeldrank of snoepgoed mag hou. Die yskas word egter op eie risiko gebruik en onopgeëisde produkte word elke Vrydag uitgehaal.

12. **ALGEMEEN**

12.1 Ouers/voogde word vriendelik uitgenooi om enige tyd met die Superintendent persoonlik te kom gesels of te skakel indien daar ‘n probleem is. Onthou dat dit baie beter is om ‘n saak te bespreek en saam ‘n oplossing te vind as om stil te bly en ‘n grief rond te dra of om by mense te kla wat niks aan die saak kan doen nie;

12.2 Koshuisgangers word verantwoordelik gehou indien hulle die koshuiseiendom beskadig of breek. Ouers/voogde sal daarvoor betaal;

12.3 Noodsaaklike afsprake, bv. ‘n tandarts, ‘n dokter, ens. moet so gereël word dat dit nie inbreuk maak op studietye nie. Stel die Superintendent asb 24 uur vooruit in kennis. Die dogter moet net na afloop van die middagete by die onderwyser aan diens verlof vra;

12.4 Onwelvoeglike taal, oneerlikheid, leuentaal en valse verklarings is ontoelaatbaar;

12.5 Swanger meisies kan nie in die koshuis gehuisves word nie;

12.6 Die skool se beleid t.o.v fisiese kontak, soos vervat in die gedragskode, is ook van toepassing op inwoners van Huis Eureka;

12.7 Geen geskree, geraas of gehardloop in die gange word toegelaat nie;

12.8 Terwyl onder toesig van die koshuis, mag koshuisgangers nie private partytjies bywoon of gedurende die week uitslaap nie;

12.9 Geen koshuisganger mag wapens, speelgoed of stowwe wat ‘n besering kan veroorsaak koshuis toe bring nie. Geen troeteldiere word toegelaat nie.

12.10 Sodra ‘n leerling ‘n kamer verlaat, moet sy asseblief die ligte afskakel en vensters toe maak;

12.11 Geen leerling mag in ‘n ander kamer slaap sonder die verlof van die Superintendent of diensdoenende personeellid nie;

12.12 Geen eetgerei mag uit die saal verwyder word nie;

12.13 Toiletpapier word nie voorsien nie. Leerders bring hulle eie;

12.14 Elke Eureka-meisie moet aan ten minste een somersport en een wintersport deelneem;

12.15 Die dra van enige juweliersware word toegelaat soos deur die skoolreëls bepaal;

12.16 Spykers mag nie in die mure gekap word nie en slegs twee prente per persoon mag teen die mure geplak word met wondergom;

12.17 Geen versoeke mag gerig word aan die Superintendent wat teenstrydig is aan die tradisies of beleid van die skool of koshuis nie;

12.18 Leerlinge mag, buiten dorpsdae, aan skooltake en groepsaktiwiteite tyd spandeer indien:

- dit nie tydens amptelike studietyd plaasvind nie;
- die betrokke ouer/voog, onderwyser of afrigter die Superintendent / diensdoenende onderwyser betyds in kennis stel;
- die aktiwiteite binne die dorpsgrense plaasvind en die koshuisgangers dus kan stap. Goedkeuring moet deur die betrokke koshuisganger se ouers/voogde gegee word wanneer daar per motor gereis moet word of wanneer daar buite die dorpsgrense gereis moet word;

12.19 Geen ontgroening, doop of intimidasie van enige aard mag plaasvind nie;

12.20 Die gebruik van die swembad mag slegs op voorgeskrewe tye gebruik word. Tye sal bepaal word aan die hand van die weekprogram;

12.21 Reëlings vir die verlaat of kom haal van leerders tydens die skoolweek en eksamens moet ‘n dag vooruit deur ouers/voogde getref word sodat die nodige kombuis- en studiereëlings getref kan word.

13. KAMERS

13.1 Alle leerders moet soggens self hul drommetjies leegmaak;

13.2 Indien daar vir ‘n naweek en vakansie uitgeteken word, sorg dat:

- lig afgeskakel is;
- wekkers afgeskakel word;
- vensters en gordyne toegetrek is;

13.3 Leerders mag slegs kamerruilings doen met toestemming van die Superintendent en Senior Huishoudelike Toesighouer;

13.4 Kamerplasings word gedoen deur die Superintendent en Senior Huishoudelike Toesighouer.

13.5 Dogters MOET elke keer as hulle die koshuis betree of verlaat hulle vingers skandeer op die biometriese sisteem. Die deur moet altyd agter jou toegemaak word.

14. KONTAKNOMMERS

14.1 Superintendent: Mnr Jurgens Schreuder 082 466 1846
jurgens.schreuder@hshopefield.co.za

14.2 Finansies: Mev Suanne Burger 022 723 0040
finance@hshopefield.co.za

15. **OORTREDINGS EN STRAWWE / INFRINGEMENTS AND PENALTIES**

- As dogter 100 punte kry, sit sy EEN week lank detensie in die studiesaal (na skool – 17:20)
  If girl gets 100 points, she is detained / detension in the study hall for ONE week (after school – 17.20).
- Indien gehok, moet sy die Woensdag van 15:30 – 17:00 in die Studiesaal sit.
  If grounded, she will be sitting in Study hall on Wednesday afternoon from 15:30 – 17:00.

No	Oortreding/ Infringement	Strafpunt / Penalty	Baie ernstige oortredings wat lei tot Tugverhoor voor SBL/ Very serious infringements leading to disciplinary hearing in front of SGB
1.	Afwesig sonder verlof / Absent without leave	20	Ander (spesifiseer)/ Other (specify)
2.	Bank/ lê/ misbruik Studietyd/ Bunking/ sleeping/ misuse of Study time	30	Besit/ gebruik van alkohol/ Posession/ use of alcohol
3.	Besit van verbode items/ Posession of prohibited items	20	Besit/ gebruik van dwelms/ Posession/ use of drugs or illegal substances
4.	Chillkamer onnet los/ Leaving Chill room untidy	20	Besit van onwettige item/ Possession of illegal item
5.	Gesels/ raas tydens Stilte/ Talking/ noise during Stilte	20	Brandstigting/ Arson
6.	Hardloop/ raas/ speel in gange/ Running/ noise/ playing in passages	30	Diefstal/ Theft
7.	Kamer/ kas onnet/ Room/ wardrobe untidy	20	Ernstige aanranding/ Assault
8.	Laat/ nie in- of uitteken/ reël vir ete/ Late/ not signing in or out/ arranging meals	20	Rassisme/ Racism
9.	Laat vir skool/ Late for school	20	Glip uit Koshuis/ Slip out of Hostel
10.	Laat vir Studie/ Late for Study	20	
11.	Laat van dorp/ sport/ naweek af/ Late in from town/ sport/ weekend	30	**Die volgende oortredings kan lei tot onmiddelike uitsetting/ The following infringements can lead to immediate expulsion**
12.	Laat opgelaai vir Naweek/ Picked up late for Weekend	30	
13.	Ligte aan vergeet/ Leaving lights on	10	Aanhoudende ootreding van Koshuisreëls/ Continuous infringement of Hostel rules
14.	Minagting/ ondermyning van gesag (prefek/ onderwyser ens.)/ Contempt/ undermining authority (prefect/ teacher etc.)	30	Rook/ Smoking Vaping
15.	Misbruik van Selfoon/ Misuse of Cell phone	20	Gebruik van drank of dwelms/ Use of alcohol or drugs or illegal substances
16.	Nie in- of uitteken na en voor naweke/ Not signing in or out before or after weekends	20	Diefstal/ Theft
17.	Onaanvaarbare gedrag/ Unacceptable behaviour	20	Pornografie/ Pornography
18.	Oneerlikheid/ Dishonesty	30	
19.	Onwelvoeglike taalgebruik/ Use of foul language	30	
20.	Rondloop na Ligte uit/ Walking around after Lights out	30	
21.	Rondloop tydens Studie/ Walking around during Study	20	
22.	Selfoon gebruik tydens studie/ oggend- of aandstilte/ na ligte uit/ Using cell phone during study/ morning or evening stilte/ after lights out	30 skoolda e	
23.	Slaap/lê na Opstaanklok/ Sleeping/ lying after Opstaanklok	10	
24.	Swak tafelmaniere/ Bad table manners	20	
25.	Swak gedrag in dorp/ Bad conduct in town	50	
26.	Verkeerde skooldrag/ Incorrect uniform	10	
27.	Versuiming van pligte/ Not carrying out duties	30	
28.	Wangedrag/ steurnis na Ligte uit/ Misconduct/ disturbance after Lights out	30	

LYS VAN BENODIGDHEDE VIR DOGTERS

1. Netjiese, informele drag vir namiddae
2. 'n Reënjas / sambreel
3. Komberse of duvets, laken, kussingslope (gordyne is opsioneel). Moet asb nie nuwe beddegoed en gordyne koop alvorens dogters hulle kamermaats gekies het nie. Afhangende van Covid regulasies en beskikbaarheid van kamers, sal dogters die geleentheid gegun word om 2 weke nadat skool begin het hulle kamermaats te kies. Niemand mag in slaapsakke slaap nie.
4. Sweetpak
5. Handdoeke – minstens twee
6. Sindelike nagklere
7. Onderklere – minstens 4 stelle
8. Wasgoedsak
9. Persoonlike toiletbenodigdhede en toiletpapier
10. Skoenborsel en waks
11. Bybel / Geestelike boek vir stiltetyd
12. 1 slot met 2 sleutels of 'n kombinasieslot (1 sleutel word deur die Superintendent gebêre indien 'n leerder haar sleutel vergeet / verplaas.)
13. Skoene en / of sandale
14. Sportklere en toerusting
15. Skoolklere en ander skoolbenodigdhede

Let wel: Alle klere moet duidelik gemerk wees, asseblief!

ERKENNING VAN ONTVANGS – KOSHUISBELEID

Hiermee erken ek ontvangs van die koshuisbeleid en vereenselwig my met die inhoud daarvan.

NAAM VAN OUER/VOOG: _____

NAAM VAN LEERDER: _____

DATUM: _____